**STIGTING VOC - VOC FOUNDATION - UMBUTHO VOC**
Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel.
Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika.
The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims.
It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.
Internet: www.voc-kaap.org. E-pos/Email: vocinfo@voc-kaap.org
Skakel/Contact: Sekr./Secr.: mnr. R. Rode, 071 622 57 92, e-pos: roderudolf45@gmail.com
Finansies /Finance: mnr. I. Potgieter, tel: +27(82)809 70 22, e-pos: ignatius@mpicfinance.co.za
Bank: Nedbank, Somerset-Wes. Rekeningnr. 1145512305. Rekeningnaam Stigting VOC Foundation.

---

# Dan Sleigh *3 November 1938 - †28 Julie 2023

## Huldeblyke van Lede van die Stigting VOC

### Helena Scheffler, 29.07.2023, aan die bestuur:

Ek is baie jammer om julle te moet meedeel dat ons groot vriend en VOC-staatmaker Dan vandag oorlede is. Toe ek nie vanoggend sy gebruiklike e-pos kry nie en ook nie vanaand ’n SMS nie, het ek Jean laat weet. Sy is toe na sy huis waar sy en die buurman hom vanaand in die badkamer aangetref het. Hy was gister nog gesond.

Hy het al aan die nuwe *Missive* gewerk. Ek weet nie hoe ver dit is nie. Miskien kan een van julle dit na die begrafnis by Jean kry en voltooi.

Ons sal hom almal geweldig mis. Hy was die Stigting VOC.

### Andries Venter, 29.07.2023:

Dit is met leedwese dat ons vanoggend verneem van die oorlye van Dr Dan Sleigh. Hy laat 'n leemte wat nie maklik gevul sal word nie. Ons dink met dankbaarheid terug aan die geleenthede waar ons met hom kon skakel en sy waardevolle bydrae tot die erfenis van die Weskus Nasionale Park.

Ons dra ons medelye aan die familie en vriende van Dan Sleigh asook die Stigting VOC oor.

**Catherine en Gijs Dubbeld, 29.07.2023**

Catherine en ek was erg geskok en baie bedroef om die nuus van Dan Sleigh se onverwagse dood te hoor.

Ek het jare gelede vir die eerste keer van Dan Sleigh gehoor toe ek sy historiese roman *Eilande* gelees het. Ek het destyds gedink dat hy daardie jaar die Hertzogprys sou kry omdat dit een van die allerbeste romans was wat ek ooit gelees het. *Niggie*, die boek wat die prys gekry het, kon volgens my nie kers vashou by *Eilande* nie.

Ek het altyd uitgesien na elke nuwe boek wat van hom verskyn het en dit was vir my nooit 'n teleurstelling nie. *Retoervloot*, soos al sy ander boeke het ons baie vertel oor belangrike sake wat nie algemeen bekend was nie.

Toe Catherine en ek in 2013 Kaapstad toe verhuis en funksies by SASNEV begin bywoon, was dit vir ons 'n groot voorreg om hierdie formidabele historikus en skrywer in lewende lywe te ontmoet.

Op 'n meer persoonlike vlak was dit vir my 'n groot aanmoediging as hy sy waardering uitgespreek het vir sommige van my, soms oppervlakkige, bydraes tot die biblioteeknuusbrief.

Ons is daarvan oortuig dat ek namens die hele biblioteekbestuur praat as ek sê dat ons sy kommentaar en ondersteuning baie sal mis.

Nogmaals ons innige meegevoel aan sy familie, vriende en veral ook die Stigting VOC.

**Dr François Cleophas, 29.07.2023:**

Dan se werk laat ’n onmisbare merk op die Suid Afrikaanse geskiedenis….ook vir my vakgebied… sportgeskiedenis.

**1.8.2023:**

Ja … hy was ’n grootfiguur op die veld… dit voel amper asof ’n mens slaap en hierdie ervarving van sy heengaan droom … en dan skrik jy wakker en jy sien hom weer later in die dag……..

**Paul Murray, 29.07.2023:**

RIP Dr Dan Sleigh.

I send my condolences to his family.

Meeting Dan was an honour. He was the quintessential gentleman whose engagement with a person was in the way he showed a personal interest in what you were doing.

This profound way he interacted from such an intellectual giant made a massive impression on me.

Not forgetting the way he inspired us to engage in deep historical research.

His scholarship is world-class.

MHDSRIP.

**Santi Basson, 29.07.2023:**

Die heengaan van Dan Sleigh is 'n geweldige verlies op soveel vlakke; dit is hartseer nuus.
My innige simpatie aan sy familie, vriende, kollegas en ook aan die lede van die Stigting VOC.

Met opregte simpatie

**Johan en Marina Tromp, 29.07.2023:**

Vreeslik jammer om te hoor, hy was 'n fantastiese man van wie ek baie geleer het. Ons sal hom geweldig mis by die VOC. Sy werke sal vir ewig voortlewe. Innige simpatie aan die familie en vriende.

**Karen Jennings, 29.07.2023:**

This is bitterly sad news. Dr Sleigh instilled in me an interest in local history when I was a young girl and used to visit him at the Education Museum in Wynberg. He was always generous with his time and knowledge, from when I first met him when I was 9 years old (and worshipped him and his old jerseys) right up until the present when I am nearly 41 - and he still wore the same style of jerseys!

**Joan Kruger, 31.07.2023:**

**Dan Sleigh, gegroet**

Hoe vinnig glip 'n skip oor die kim?
Binne 'n oogwink.
Ook by Dan Sleigh is die ankertoue ineens afgekap.

Verbystering. Hoe kan hy sommer net wég wees? Soos wat hy in sy skryfwerk die grense van die tyd opgehef het, so tydloos het hy gevoel.
Huldeblyke het gespreek van respek, bewondering en vriendskap. 'n Reuse-intellek. Onkreukbaar. 'n Mensch. 'n Briljante skrywer. 'n Legende. 'n Nederige, wyse man.
Soos sovele ander, het my kennismaking met Dan Sleigh by sy boeke begin. Eers niefiksie (*Jan Kompanjie*, uit 1978), gevolg deur die grootse romans, en ten slotte *Retoervloot*. 'n Stewige ry boeke wat gereeld uitgehaal en deurgeblaai word op soek na 'n feit, 'n vertelling. Die verbluffende omvang van sy navorsing en kennis, oorgedra met die fynsinnigheid van 'n digter, was elke keer tasbaar daar.
By die Stigting VOC het ek hom sedert 2000 beleef as die wind in die seile van hierdie groep. 'n Boeiende spreker by gereelde byeenkomste. Soos by soveel Woordfeeste en ander geleenthede. Met die bekendstelling van *Retoervloot* kom praat hy in Die Koelkamers Teater op Paternoster. Reeds 'n ént in die tagtig, voer hy die groot gehoor langer as twee uur mee. 'n Jong bruin Weskusser nader hom agterna effens skugter, sê hy het wêrelde vir hom oop gemaak. Sonder om te huiwer, sit Dan *Retoervloot* in sy hand.
Wat hy weet, het hy gedeel. Ruimhartig.
Vir jou wat ook sy wêreld van geskiedskrywing betree het, was hy 'n ligbaken, 'n begeesterde waker oor dit wat waar en bewysbaar is.
Sy gegronde kritiek het jou op koers gehou.
Sy voorbeeld het geïnspireer.
'n Woord van lof durf jy koester tot aan die einde van jou lewe.
Die waarde van sy werk om ons erfenis lewend te hou, is onskatbaar groot. Die leemte wat hy laat, kan moeilik gevul word. As navorser. As skrywer. As mens.
Vir 'n laaste groet wil ek op die rotse gaan staan, uitkyk op die oseaan wat hy met die hart van 'n seevaarder liefgehad het. Ek wil dit doen om weer te weet agter die einders sal die wit seile van die helder skip van herinnering* vir altyd sigbaar bly.
Vaarwel, Dan Sleigh. Vaar wel.

– Joan Kruger

Na Guillaume Apollinaire, "Mon beau navire, ô ma mémoire“.

**Linda Rode, 1.8.2023:**

In *1795* (Tafelberg-Uitgewers, 2016), die roman waarvan Dan Sleigh vir ons gesê het dat dit sy laaste sou wees, is daar op p. 307 ’n paragraaf oor ’n ruiterlose swart perd. Hoewel hier heeltemal buite die oorspronklike konteks, haal ek dit nogtans graag aan omdat dit soveel van die hartseer, die verslaentheid, en die gevoel van leegheid verbeeld wat ons ondervind ná die nuus van Dan se dood:

*’n Gekniehalterde swart perd dwaal deur die strate soos ’n boodskapper van die slagveld af. Sy kop hang, hy sukkel met kort, kreupel treë oor die keistene onder die bome en kyk by Saasveld se staldeur in. Die slaaf Geduld bring hom binne, maak sy voorbeen los, lei hom water toe, gee voer in die krip. Daar is geen brandmerk nie, die stang het bloed en skuim aan, die saal en die saalsakke is leeg, die geweerskede is leeg. Hy dra die saal op sy skouer en lei die perd na die skutmeester toe.*

Genadiglik sal Dan Sleigh altyd in sy monnikewerk van historiese optekeninge en in sy kreatiewe skrywersnalatenskap teruggevind kan word.

**Nico Walters, 30.07.2023:**

Beste VOC lede

Dit is met groot hartseer wat ek afskeid neem van ’n mentor, kollega en vriend. Ek sal altyd Dan se lekker toere onthou en sy entoesiasme oor die VOC toere wat ek gereël het na Durbanville en Vissershok.

Sterkte Jean, familie, vriende en lede van ons wonderlike organisasie wat hy op die been gebring het, die VOC stigting.

**Dr Michael Barter, 1.8.2023:**

VOC Members.

A great sadness and loss for all of us. A most knowledgeable man who always had the patience and time to ponder and help with anything historical. Great memories of our meetings in the Archives (previously with Maureen Rall and Jaco van der Merwe) spending many hours going over original historic VOC documents. These times will be sorely missed.

Thanks Dan and Jean for all of your help, generous time, and input over the years with the production of "Collectors corner" in the General Missive.

Peace and blessings,
Mike Barter.

**Colin Johnstone, 1.8.2023:**

I was struck with P509 (*1795,* Tafelberg-Uitgewers, 2016)

*Francine-Marie: Geliefde, ek het ouer geword, met 'n soort verharding van binne; ek word steen voor ek stof word. Maar ek glo in die silwer draad tussen siele, skitterend, eindeloos, onvernietigbaar. As ek een wens mag uitspreek, is dit om lank en ver met jou te wandel, soms hand aan hand, soms 'n paar woorde te wissel, in sekerheid een, saam.'n Laaste is om jou oë, sysag te soen. Vir jou hande op my gele, eindelose dank.*

**Yolanda Lindeque-Strauss, 1.8.2023:**

Ek kry nou eers die boodskap.

Dit is so hartseer! Ek wou so graag die Wolraad-film of −dokumentêr gemaak het en hom nog na die première genooi het! As dit nie vir hom was nie, het my navorsing oor Wolraad al in 2006 doodgeloop. Sy ondernemingsgees, intelligensie en passie vir geskiedenis het my aangesteek en aan die gang gehou. Vir my 'n liefde gegee vir die argiewe. Ek gaan hom mis. Hy was altyd bereid om insette te lewer sonder huiwering of uitstel. Voorwaar 'n besonderse mens in murg en been en sy voorbeeld sal bly voortleef in my hart.

My hart is ook met sy familie, vriende en geliefdes, en die Stigting VOC.

**Jacobus du Plessis, 2.8.2023:**

Sedert Alex die naweek laat weet het van die tragiese ontwikkeling hang daar ’n hartseer wolk oor my. Dit is ’n ontsaglike verlies vir nie net ons stigting nie maar die hele wêreld. Dan Sleigh is die mees indrukwekkende dog nederigste mens wat ek al ooit ontmoet het. Sy kennis en werksuitset het my keer op keer verstom en ek beskou hom as ’n absolute rolmodel in daardie opsig. Die beleefde manier waarop hy met ander mense gekommunikeer het, is ook iets wat ek altyd sal onthou.

**Emy Vanderveken, 2.8.2023:**

*“Mense sterf eers werklik as hulle nie meer onthou word nie.”*

Het zijn woorden die dr. Dan Sleigh zelf schreef in zijn ongelooflijk boek over Krotoa, het eerste Khoikhoi-meisje dat vriendschap sluit met de blanken en rond 1652 bij de familie Van Riebeeck terechtkomt als oppas voor de kinderen. Zij krijgt de naam Eva, leert al vlug de taal en reeds als tienjarige treedt zij geregeld op als tolk voor de Hollanders.

Later zal zij – vrouw tussen twee culturen – huwen met de Deense chirurgijn Peter Havgård, die de naam Pieter van Meerhof aannam.

Dat iemand als dr. Dan Sleigh nie meer onthou word nie lijkt mij onmogelijk : historicus, specialist in Nederlandse koloniale geschiedenis, ooit redacteur op de transcriptieafdeling van het Kaaps Archief, schrijver van ontelbare zeer interessante teksten, drijvende kracht achter de VOC Stigting, ijverend voor het behoud van VOC archief als werelderfgoed, auteur van het meesterwerk "Eilande" en nog zoveel meer …

Ik heb jammer genoeg nooit de gelegenheid gehad om dr. Dan Sleigh persoonlijk te ontmoeten, maar zijn "Eilande " en " Stemmen uit zee " (titel van de Nederlandse uitgave van het boek ) blijven op een ereplaats in mijn bibliotheek !

Ek wens die familie en die VOC vriende opreg baie moed en sterkte toe vir die toekoms !

Emy Vanderveken
Secretaris VOC kamer Antwerpen vzw.

**Len Raymond, 3.8.2023 in: *The Heritage Portal Newsletter* #29 2023**:

It is with a heavy heart that I inform our members of the passing of Dan Sleigh, the author of a number of publications and articles on South African history especially during the VOC period.

Dan was most renowned for the mammoth work "Die Buiteposte", a study of the VOC posts around or under the control of the Cape commander during the time of the VOC.

His most recent publication is based on the detailed trade mission of a VOC boat to the East and back, a truly remarkable historical account. I was privileged to be his "driver" to a recent lecture which he gave on this book at the Swellendam Heritage Foundation. This allowed us time to catch up on many years since we last travelled together talking about times shared, his lecture and his latest book. Dan was busy preparing another publication when he suddenly passed away.

Dan was particularly attached to Paarl as he studied and met his wife here at the Boland Teachers' Training College. He remembered often walking past our house in Mill Street on his way to visiting his then girlfriend who lived in Plein Street. He always remembered me especially because of that.

Dan was an Educator to the end and the Swellendam talk opened my eyes to his commitment to education. It was obvious to me that his attention was on the students who were present at the lecture as he went to great lengths to

ensure that the audience could follow what is a complicated concept of the inter-port trade carried on by the VOC.

Dan will be sorely missed for his knowledge, understanding and formidable research capabilities regarding the history of the Cape and the inter-relationships of its people.

On behalf of the members, the DHF sends condolences to his daughter and family on their sad loss.

*Len Raymond*

**Pietman Retief, 31 Julie 2023:**

Hier uit Stellenbosch ook my innigste meegevoel met Jean en die hele familie, maar dan ook aan almal van ons wat oor soveel jare die waarde kon pluk van die kundigheid van Dan. Sy entoesiasme oor die onderwerp was besonder aansteeklik, en sy vemoë om dit oor te dra 'n bonus vir almal van ons wat kontak gehad het.

**Louis Smith, 3 Augustus 2023:**

My paadjie met Dan het ver te laat gekruis.

Wie gaan ons nou boei met die geskiedenis van ons voorvaders en ons betower met stories oor hulle?

My hart gaan uit na sy dogter en dienswillige steunpilaar Jean, en sy vriendin, mede-talassofiel en sielsgenoot Helena Scheffler.

’n Enorme groot boom het geval.

———————————

Van Emile Joubert, 10 Augustus 2023:

Hoewel daar vanoggend om 11.00 ’n erediens in Kaapstad gehou word om amptelik afskeid te neem van en hulde te bring aan die ontslape skrywer Dan Sleigh, bly dit ’n salwende gedagte dat groot skrywers mos tog nie kan sterf nie. Hul gawe aan die mensdom, synde die distilleer van gedagtes, drome en stories uit 26 letters om woorde, sinne, bladsye en boeke te skep, sorg immers dat skrywers altyd met ons sal wees. En ook saam met die wat hierna moet kom.

Diegene wat gelukkig genoeg is om van hul gunstelingskrywers te ontmoet het, soos ek vir Sleigh, sal vir seker die teer bitter van verlies en dood ervaar. In Sleigh se geval was dit die herinnering van sy priemende, dog sagte ligte oë waarmee hy jou bekyk het wanneer jy hom uitvra oor ’n gedeelde belangstelling in die Kaapse geskiedenis, hoofsaaklik die plek se vroeë wynkultuur. En die geesdrif waarmee hy inligting sou oordra in idiomatiese taalgebruik. Sy beleefdheid en goeie maniere.

Op ’n kol toon hy ’n reuse wêreldkaart met lyne en pyle wat rondom Europa, Afrika, Amerika, Indië, China, Australië en Europa getrek is. “Hierdie lyne is die strome wat die vroeë Europese skeepvaarders toegelaat het om die wêreld te ontdek, en dis hulle - daardie seestrome - wat die boublokke was... die fondasies van die geskiedenis van die wêreld.”

Kennis, skryfdrif en ’n meesleurende taalaanvoeling het, gelukkig, gelei tot Sleigh se magistrale literêre ouevre, wat sal toesien dat sy aardse teenwoordigheid behoue sal bly. En dit is, vir my, ’n skrywer se grootste gawe aan die lewe, dat sy of haar boeke sorg dat daardie persoon altyd binne bereik is, al het hulle lank, lank gelede die lewe vir die hiernamaals verruil.

In my geval loop ek al vir dekades rond met die onmoontlike idee dat wyle Ernest Hemingway, John Steinbeck en Herman Charles Bosman kennisse van my is. Hul stories, woorde en gedagtes, te same met die manier waarop dies neergepen is om deur die jare groewe in my siel te laat, het gelei tot iets wat ek nie skaam is om te erken nie as ’n liefdevolle non-vriendskap. Dis asof elke keer wanneer ek Hemingway se *A Moveable Feast* oopslaan of lees waar Oom Schalk Lourens vir Bosman laat praat, deur die betrokke skrywer gegroet word, soos in: “Yes Beesblaas, waar was jy al die tyd?”

In Dan Sleigh se geval is ek gelukkig om te woon in Kaapstad. Die stad wie se komplekse geboorte en kinderjare Sleigh voor ’n mens se oë laat afspeel danksy die skrywer se vermoë om die geskiedenis en sy mense te laat herleef. En dis hier, wanneer die soutmis van die see in sweef en die suidoos deur Duiwelspiek waai, dat mens herinner word dat plek en boek vir ewig is, met die gees van die skrywers as die ware boublokke van die geskiedenis en die lewe.